God Hou Sy Woord

. . . onwaardig van enige van U seëninge, maar dit is as gevolg van U goedheid wat aan ons gegee is. Dis hoekom ons vandag, nederig, gekom het om te vra dat U sal voortgaan om met ons te wees. Laat ons ons plek en ons posisie in U vind; onsself verloor en dit vind, Here, in U; maak ons dit wat ons behoort te wees. Word vereer deur die diens vandag, want ons vra dit in Christus' Naam. Amen.

Mag maar sit.

2 Nou, dit—dis 'n voorreg om vanmiddag hier te wees. En in die wete dat ons net 'n kort tydjie het om te bly. Vanaand is nog een van die byeenkomste. Vandag is meestal in beslag geneem; begin net 'n bietjie moeg word, want die mense kom in vir hierdie klein, spesiale onderhoudjies; en sommige daarvan vereis meer as die wysheid van die mens, dit vereis God. Daarom, moet visioene kom. En ek is agt-en-veertig jaar oud, en ek het nog nooit, een keer, dit ooit sien faal nie, maar wat God gegaan . . . ? . . . [Leë kol op band—Red.] reguit na die oorsaak. Dis reg.

3 Daar's mense wat net nou hier sit, wat selfs in die kamers was in die laaste dag of twee, wat weet dat dit eerlikwaar . . . En by die huis, verskillende plekke, gaan dit altyd reguit af, en kry die oorsaak. Nou, as jy gegaan het . . . [Leë kol op band—Red.] . . . wat daardie hoofpyn veroorsaak het, dan begin jy van daar af werk. Nou, dis wat die Heilige Gees doen. Dit gaan en kry die oorsaak. Ons weet wat die geneesmiddel is, maar ons wil die oorsaak kry, die rede waarom die geneesmiddel nie werk nie. Uh-hum. En dis party van ons wonderlikste dinge.

4 Nou, gewoonlik wanneer ons gebed gaan hê vir die siekes in die aand, begin ek net omtrent hierdie tyd bid. Maar, hierdie is 'n konvensietyd; tyd wanneer al die predikers bymekaar is, en ons kom vir gemeenskap, met mekaar. En daar is vir my gevra, vanmiddag, om te preek, of, om die mense te onderrig vir omtrent twintig of dertig minute. En ek wil graag 'n teksie neem uit die Ou Testament, in die 13de hoofstuk van Numeri en die 30ste vers:

> *Toe het Kaleb die volk stil gemaak teenoor Moses en gesê, Laat ons gerus optrek, en dit in besit neem; want ons kan dit sekerlik oorweldig.*

Mag die Here Sy seëninge voeg by die lees van Sy Woord.

En as ek 'n—'n—'n onderwerp moet neem, sou ek dit sê: *God Hou Sy Woord.*

5 Partymaal, kan ek nie myne hou nie, en jy kan nie altyd joune hou nie, maar God kan Syne hou. Ek weet nie wat in die toekoms is nie, maar God, wat oneindig is, het die einde van die begin af

geken; dan, kan Hy nie ’n stelling maak as dit nie absoluut die Waarheid is nie, want Hy weet alles, om oneindig te wees. Ons is sterflik en ons is eindig, so daarom, kan ons foute maak, maar God kan nie foute maak nie.

6 En ons gedagte, vanmiddag, gaan oor Israel in ’n tyd van, soos waardeur die kerk vandag gaan. Alles kom by ’n krisis voor dit ’n klimaks bereik. Siektes, gewoonlik, jy gaan deur die krisis, en na die krisis, dan word jy gesond. Draai na een kant of die ander. Jy sterf of word gesond.

7 En God wa-. . . het met ’n volk gewerk. In daardie dae, het Hy met ’n nasie gewerk, die nasie van Israel. En God het hulle onder in Egipte laat ingaan, en hulle was daar vir vierhonderd jaar, volgens Sy Woord. Hulle het hulle gemeenskap met God verloor toe hulle afgegaan het na Egipte, maar hulle het nie hulle verbond verloor nie. Want God se verbond was met Abraham gemaak, onvoorwaardelik, vir alle geslagte. Nie net Abraham nie, maar met sy kinders deur alle geslagte.

8 As ons net daaraan kan dink, dat julle, as Abraham se kinders, die belofte is net soveel vir julle as wat dit vir Abraham was. Want God het die verbond gemaak, nie net met Abraham nie, maar met sy kinders. En wie is Abraham se kinders? Hulle wat dood is in Christus, neem Abraham se saad aan, en is erfgename volgens die belofte. Daarom, as julle wedergebore is uit die Gees van God, word julle Abraham se kinders, en elke belofte wat God aan Abraham gemaak het, is julle ’n erfgenaam van daardie belofte deur genade.

9 En hulle reis op pad deur die woestyn, uit Egipte, na die beloofde land toe, is ’n tipe van die Kerk, vandag, in sy reis wat opkom uit Egipte, of, chaos, die wêreld, en op sy pelgrimstog op na die beloofde land.

10 En ek is seker dat ons almal kan saamstem, vandag, dat ons op ons pad na die beloofde land is. Ons kampeer net, bou kampvuurtjies, gaan deur diep waters en swaar beproewings.

11 Maar, God, daar, toe Hy die kinders van Israel uit Egipte uitgebring het, hulle sou veertig jaar tevore uitgekom het, as hulle net na die Here geluister het. Maar omdat hulle nie na Moses, wat God se mondstuk was, geluister het nie, en hom verwerp en hom geweier het, het dit nog veertig jaar van probleme en beproewinge gekos.

12 En ek wonder, vandag, of dit nie soort van die opskudding van die kerk is in hierdie laaste dag nie. Veertig jaar gelede, of, vyftig, toe die Heilige Gees die tweede keer uitgestort is op die kerk, in die vorm van die doop van die Heilige Gees, wonder ek, as gevolg van ons onverskilligheid ensovoorts, of dit nie veroorsaak het dat ons getalm het vir ’n tydjie, om Sy Woord verkeerd te verstaan nie.

13 As hulle gelees het wat die profeet gesê het, en wat God gesê het, sou hulle geweet het dat die tyd van hulle verlossing op hande was. Maar hulle het dit nie herken nie. Hulle het so wêrelds geraak. En hulle kerke het so formeel en—en afsydig geraak, en hulle het saam met die heidene gelewe, so hulle het die gewoontes van die heidene aangeneem.

14 En dis wat fout is met ons kerke vandag. Dis wat op hierdie einste uur fout is met ons kerke, dat ons saam met die wêreld gelewe het, en die dinge van die wêreld nageboots en as voorbeelde gebruik het, tot ons net soos die wêreld geword het, al ons modes, ons kleredrag.

15 Ons vind, 'n paar jaar gelede, dat al die moderne kleredrag vir die mense, dat dit alles van Parys af gekom het, wat die setel van Satan is. Maar nou vind ons dat ons so besoedel geraak het en soveel verder gevorder in sonde, dat die ontwerpers van Parys en Frankryk na Hollywood toe kom om uit te vind hoe om die mense in Parys aan te trek. Wat 'n skande.

16 Duiwel het dit van die filmvertoning afgehaal en dit reg in jou huis gesit, ongesensorde programme op televisie; allerhande wêreldsheid; en swak preekstoele; en pastore wat toegee met die dinge van die wêreld, liewer is vir hulle posisie en 'n ete-kaartjie as wat hulle is om te staan en die waarheid van God se Woord te vertel: en daarin, het dit die kerk in 'n chaos laat beland, en dit het ons verdeel en ons geskei, en soveel wêreld dat jy skaars die een van die ander kan onderskei.

17 En ons preke is nie meer op die Woord gebaseer nie: Gewoonlik op 'n moderne preekstoel, is dit oor wie is die volgende president; of een of ander pragtige rose iewers; of een of ander program; die kerk vroeg uitlaat sodat hulle 'n sekere program kan gaan kyk; preek langer as twintig minute en hulle sal jou ekskommunikeer.

18 Wat ons nodig het, is 'n outydse, heel-nag biduur, en weer terug na God; en sulke goed soos daardie afgooi van die preekstoel af, wat in die wêreld hoort.

19 Ek het nog nooit 'n sondaar veroordeel vir wat hy doen nie. Hy's 'n sondaar. Hy kan dit nie help nie. Maar daardie mense wat sê hulle is Christene, en dan in sonde lewe, dis die een waarop ons die teiken het.

20 Jy neem 'n vark, as jy 'n vark sien snuffel in 'n mishoop, is dit niks, hy's 'n vark, dis sy natuur. Jy sal nooit 'n lam daar kry nie. Dis reg. As ek mense sien aantrek, optree, en lyk soos die wêreld, praat soos die wêreld, 'n bietjie krutaal gebruik, vuil grappe, en vermaak, sigarette rook, na filmvertonings toe gaan, wegbly van die kerk af: dis die wêreld. Dis al plesier wat hulle kry. Hulle weet nie van beter nie. Maar julle wat geproe het en weet dat die Here goed is, dis julle waarna ek mik. Julle weet beter. Dis waar die afvalligheid is.

21 Israel moes dit op hulle pad aanvaar het. 'n Baie mooi tipe: Hulle het die Woord gehad, eerste; 'n profeet, tweede; en die Engel, derde. Die Woord. . . Eerste, God se Woord, God se belofte om hulle uit te bring, vierhonderd jaar. Die tweede, het 'n profeet opgestaan om die Woord te bevestig. Die derde, was die Bonatuurlike daar, die Engel van God, die Vuurkolom om hulle uit te lei. 'n Pragtige tipe van die kerk vandag.

22 En op hulle reis, nadat hulle vierhonderd jaar langer gely het, baie honderde het omgekom as gevolg daarvan, maar hulle was uiteindelik op hulle pad, soos God dit bepaal het. Ek dink vandag daaraan. En soos ek rondkyk en die kerke sien en die toestande waarin hulle is, begin ek dink: "Here, waarnatoe gaan dit alles?"

23 Ek het daaroor gepreek nie lank gelede nie, hier in Broer Matteson se koerant, was gedruk: *Wat Die Afknyper Laat Oorbly Het, Het Die Kaalvreter Verslind*: Die vier groot vernietigers wat ingekom het en die einste kern vernietig het wat Christus wou hê Sy Kerk moes hê. Christus het bedoel dat Sy Kerk broederlike liefde en die verskeie groot kragte en dinge in die Woord moes hê. En elke keer wat 'n kaalvretertjie, of 'n treksprinkaantjie inkom, verslind hy die ding sodra dit begin, en denomineer dit, en verwyder dit, en is die stomp oor. Dis ontmoedigend. Maar as jy verderaan lees in Joël, het hy gesê: "Maar Ek sal herstel, sê die Here." Dan moet dit herstel word.

24 God was vasbeslote om Israel uit te bring, want Hy het belowe Hy sou dit doen. God moet Sy Woord hou. So, net so seker as wat ons vanmiddag hier sit, gaan daar 'n Kerk voor Hom verskyn, sonder vlek of sonder rimpel. Ongeag van wat ons doen en hoeveel chaos ons in beland: "God is in staat om uit hierdie klippe kinders van Abraham op te rig."

25 En ek wil hê julle moet oplet, toe Hy uiteindelik die kerk aan die beweeg gekry het, en hulle toe vasbeslote was om te volg, het groot tekens en wonders plaasgevind. Op die pad uit, het hulle God op Sy Woord geneem, alles agtergelaat, op hulle reis gegaan. Nou, dis 'n baie vreemde ding dat God Sy kinders so 'n toets sou gee net sodra hulle hulle eerste beweging gemaak het.

26 En ek sê hierdie tot die voordeel van diegene, baie wat gisteraand vir Christus aanvaar het: Moenie verwag dat die reis 'n blom-besaaide bed van gemak gaan wees nie. Dit gaan 'n rowwe en harde pad wees, maar dit gaan 'n salige pad wees, want Hy het belowe om met julle te wees. Onthou, dit kos altyd die valleie om die berg te maak. Dis die uitwas van die aarde, wat die vallei maak, en die berg aan die bokant daarvan het.

27 Maar as julle oplet, sodra hulle vertrek het en Egipte verlaat het op hulle aangewysde pad, die Woord van God tot die letter gevolg het, die profeet gevolg het, die Engel van God gevolg het, die Vuurkolom, het die probleme dadelik begin. Hulle het by 'n

plek gekom waar daar geen plek was om heen te vlug nie. Elke keer en elke ondervinding, sonder uitsondering, is dit so.

28 Eenkeer, toe Jesus met Sy dissipels gepraat het, en Hy hulle die waarheid begin vertel het, die hamer laat sak het, die kerk skoongemaak het, die Woord gebring het, het sewentig omgedraai en Hom verlaat. Jesus het vir die twaalf gesê: "Wil julle ook gaan?"

Hulle het gesê: "Here, waarnatoe sal ons gaan?" Dis reg.

29 Terwyl hulle op hierdie plek gestaan het, in hierdie gevaar, en daar was die berge aan die een kant, die Skelfsee het hulle afgesny, Farao se leër wat die heeltyd voortmarsjeer het. Gelyk asof die hele natuur vir hulle sou uitskree.

30 O, God hou daarvan om Sy kinders in daardie soort plekke te laat beland. Ek's so bly daaroor. Dis die grootste ondervindings in my lewe, wanneer ek teen iets te staan kom wat ek nie bo-oor, rondom, of onderdeur kan kom nie, en net stil te staan en kyk hoe God 'n pad daardeur maak. Dis die wonderlikste tyd. Jy moet by daardie plek kom.

31 Hier het Israel gestaan: berge, woestyne, Farao se leër, en die Skelfsee, wat 'n tyd. Maar dit het God net so behaag. Ek glo een skrywer het gesê Hy het afgekyk deur die Vuurkolom met kwaai oë, en die Skelfsee het bang geword en net teruggerol, omdat God se pad daardeur gelei het.

32 Moenie bekommerd wees nie! As jy God volg, sal God alles laat stilstaan vir jou om deur te gaan. Neem net Sy Woord, volg Sy Gees, Hy sal die dinge laat uitbeweeg. O, Hy hou partymaal 'n regte huis skoonmaak, voor jou.

33 En soos die Skelfsee teruggetrek het, hoe hulle aan die ander kant gekom het, en wat 'n groot outydse kampdiens het hulle gehad. Hulle het opgetree soos 'n klomp holy-rollers. As dit nie was nie, het ek nooit een diens gesien nie. Moses het gesing in die Gees; Miriam het 'n tamboeryn geneem en dit geslaan en in die Gees gedans, en al die dogters van Israel het haar gevolg, in die Gees gedans. As dit nie 'n outydse holy-roller diens is nie, het ek nooit een gesien nie. Dis reg. Wat het hulle dit laat voel? Die oorwinning, God het vir hulle oorwin. Hulle hoef niks te gedoen het, behalwe om net aan te stap nie.

34 Onmiddellik, pas uit daardie beproewing uit, reguit in nog een in: Hulle het by die woestyn van Sin gekom, en ook, by die bitter water van Mara. Maar julle onthou, God het altyd 'n manier gehad om hulle behoeftes te bevredig. God het 'n manier om ons behoeftes te bevredig.

35 Hierdie groepie mense by wie ek nou hier is, saam in hierdie konvensie, hulle wil graag 'n gemeenskap hê waar die mure afgebreek sal word, dat alle denominasies kan handskud met mekaar, en mekaar "broer" kan noem. Dis God se program. Dis

wat God wil hê ons moet doen. En maak nie saak nie, ons mag hierdie deur, of daardie deur probeer, maar God het 'n manier daarvoor; ons sal dit naderhand vind, as ons net getrou sal bly aan die Woord. Maar bly by die Woord. As jy afgaan op een of ander ideetjie van jou eie, sal jy misluk. Bly net by die Woord, God sal jou by die plek bring.

36 Nou, soos ons hulle sien voortreis, het hulle uiteindelik by die plek Kades-barnea gekom. Dit was 'n plek waar daar 'n groot put was, of, fontein buite in die woestyn; was op 'n tyd die oordeelsbank van die wêreld, baie ander fonteintjies het opgekom in die oase daar, rondom dit. Pragtige tipe van die Troon van God: water, lewe, oordeel. En ander oordeelsbankies, die kerke, wat almal ontspring het, rondom, in die oase. Dis waar Israel beproef is.

37 Nou, hulle het tien spioene uitgestuur, en hulle het oorgegaan, teruggekom met 'n verslag; en toe hulle teruggekom het, het almal, behalwe twee, gesê: "Dis onmoontlik vir ons om die land in te neem. Ons kan dit net nie doen nie." Gesê: "Ons opposisie is te groot." Gesê: "Hulle mure is hoog, en ons lyk soos sprinkaantjies teen hulle. Hulle is krygsmanne, en hulle is goed opgelei, en ons het geen manier om dit te doen nie." Maar daar was twee: een, Josua, en een, Kaleb, wat opgestaan en die mense stilgemaak het.

38 En as daar ooit 'n uur was, o, luister hierna: As daar ooit 'n uur was wat die Kerk van die lewende God 'n Josua en Kaleb nodig gehad het, is dit nou, dat ons die mense kan stilmaak voor die Heilige Gees. Al ons angstigheidjies, en denominasies, en *hier*natoe hardloop, en "*hierdie* het dit," en "*hierdie* het dit." Staan 'n oomblik stil. God het dit. Dis die idee. Hierdie Bybel is die Antwoord op elke probleem wat ooit opgekom het. God het die antwoord, sit jy net stil nou.

39 Natuurlik, as. . .Hierdie predikers wat gesê het, dat: "Ons kan nie hierdie doen nie, ons, dis onmoontlik vir ons om hierdie te doen." Hulle was tien teen twee, so dit was moeilik. En hulle het gekyk na wat hulle kon sien.

40 Dis hoe dit vandag is. Hang af waarna jy kyk. As jy na die opposisie kyk: "Ons kan dit nie doen nie, ons kan dit nie doen nie." Maar ek kyk nie na die opposisie nie. Ek kyk na wat God gesê het. God het gesê dit kan gedoen word, en dit sal gedoen word. Maar as jy net kyk na wat niks verder as die punt van jou neus is nie, soos die uitdrukking lui, sal dit nooit gedoen word nie.

41 'n Tyd gelede, het Dr. Ern Baxter (was voorheen my veldtogbestuurder), het hy my vertel van 'n ondervinding wat hy en die seuns gehad het bo in Brits-Columbië. Hulle was almal kampioen fietsryers. Ernie het gesê: "Broer Branham, en kon op my fiets klim en dorp toe gaan, 'n armvol kruideniersware kry,

en terugkom en nooit eers die aan die handvatsels raak nie. Om die draaie gaan, om die tremme gaan, motors, en nooit aan die handvatsels raak nie." Hy het gesê: "Sekerlik, ek was seker ek kon daardie kompetisie wen." En gesê: "Daar was ander ryers daar, net so goed soos ek, of beter.

42 "En die kompetisie was om tweehonderd treë op 'n veertien-duim plank te ry, en nie af te val nie. En die plank was omtrent drie voet hoog. Op hierdie plank klim en ry.

43 "Wel," hy het gesê: "toe ek daar opgekom het, in die wete dat ek 'n genie was," hy het gesê: "was ek seker dat ek dit kon ry. En wie dit ook al kon ry, het het 'n nuwe Schwinn fiets gekry." Hy het gesê: "Ek het daar opgeklim, ek het nie vyf-en-twintig voet gery voor ek afgeval het nie. En nog een het opgeklim, hy het dieselfde gedoen."

44 En gesê: "Ons het 'n ou verwyfde seuntjie daarrond gehad. Hy was nie veel van 'n ryer nie, en ons was seker hy sal nie eers aan die gang kom nie. Maar," gesê: "op een of ander manier, toe hierdie outjie daarbo gekom het, en hulle hom afgestoot het op die plank, het hy net reguit tot aan die einde gery, net so volmaak as wat enigiemand dit kon ry."

45 En gesê: "Na hy die fiets gewen het, het ons almal om hom saamgedrom, en vir hom gevra hoe hy dit gedoen het. Hy het gesê: 'Ek sal julle kêrels sê waarom julle die wedren verloor het.' Hy het gesê: 'Julle het afgekyk, soos *hierdie*, om julle fiets op die plank te probeer hou.' Hy het gesê: 'Ek het nie omgegee wat hieronder aangegaan het nie, ek het na die einde gekyk, so ek het regop gebly.'"

46 O, as dit nie 'n les vir die kerk is nie: Moenie kyk wat hier aangaan nie, kyk na die einde, en bly regop. Bly by God se Woord. God hou Sy Woord.

47 Nou, die verskil tussen Kaleb en Josua, en die ander: hulle het na die omstandighede gekyk; en Kaleb en Josua het gekyk na wat God gesê het. God het gesê: "Dis julle s'n." Hy het die belofte gegee. God is verplig teenoor Sy belofte om Sy Woord te hou. Nou, waarna kyk jy? As jy vandag kyk om te vind dat God Sy Woord hou, sal Hy Dit hou. Maar, hou jou oog op die Woord, beweeg net saam met die Woord, moet Dit nie verlaat nie. Bly reg by die Woord. Dis die hoofsaak.

Soos 'n ou gekleurde broer eenkeer gesê het, hy gesê het: "Ek sal liewer op die Woord staan, as om in die Hemel te staan."

En sy baas het vir hom gesê: "Waarom sê jy so?"

48 Hy het gesê: "Die Bybel sê dat hemel en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nooit verbygaan nie. So, ek wil by die Woord bly." Hang af waarna jy kyk.

49 Hulle het Dit dopgehou, en hulle het gesien dat God Sy belofte sou hou. God het hulle belowe toe hulle in Egipte was,

hulle was op pad na die beloofde land, Hy het vir hulle die land belowe. Hy het gesê: "Ek het vir julle die land gegee. Ek het dit alreeds gedoen." Dit was hulle s'n, en tog was dit vol Filistyne, en Amoriete, Hetiete, Feresiete, allerhande -iete.

50 En dis hoe dit vandag is. Dis belofte is ons s'n. God het vir ons die belofte van elke verlossing-seëning gegee. Daar's Pinksteriete, Baptisiete, Metodisiete, allerhande soorte -iete in die rondte, maar God het die belofte gegee. Ek gee nie om hoe hoog dit ommuur is en hoe gedenomineerd dit is nie, God het die belofte gegee. Kyk na die belofte, nie na die versperring nie. Kyk na die belofte, God het so gesê. En Hy het die belofte aan hulle gemaak.

51 Nou, terwyl hulle in Egipte was, kon God soontoe gegaan het en al die Hetiete en alles uit die land uitgevee en gesê het: "Beweeg maar in." Maar dis nie hoe God dinge doen nie. Dit was hulle s'n, maar hulle moes veg vir elke duim grond wat hulle gewen het. Hulle . . . dit was hulle s'n, maar hulle het iets gehad om te doen om dit in besit te neem.

52 En dis hoe dit is met 'n belofte. Mense, vandag, as byvoorbeeld, Goddelike genesing: Dit kom by 'n punt waar hulle soveel "verlossing" het, dat ek bid dat God ons verlos van "verlossing." Alles waar jy gaan, is dit 'n Goddelike genesing, of 'n sensasie, of "ek ruik," of 'n gevoel, of 'n fladdering. Broer, kom weg daarvan af. Kom terug na die Woord. Staan op God se Woord. Dis reg.

53 Nou let op, o, hulle . . . Kon dit vir hulle gegee het, sekerlik, maar God het 'n manier waar jy daarvoor moet veg. Die belofte is joune, maar jy moet dit neem. Jy moet dit toe-eien. Jy moet jou voete op die grond sit; Hy het vir Josua gesê: "Waar ook al die sole van jou voete trap, dit het Ek vir jou gegee." So, voetspore het besitting beteken.

54 So as God 'n belofte gemaak het, sit jou voet daarop, en staan daar. God het so gesê. As jy siek is, moenie wag vir iemand anders om verby te kom, soos een of ander spesiale geneser, of een of ander spesiale genesingsdiens, 'n totempaal om aan te raak nie. God is nie 'n "totempaal" God nie. God is 'n God Wat Sy Woord hou. Reik net boontoe en neem die belofte en staan daarop. God het gesê dis joune, vir elke gelowige. Hoef nie te wag vir enige spesiale ding nie. God het dit alreeds vir jou voorberei. Gaan soontoe, dis joune.

55 Nou, hierdie is net soos 'n yslike groot ding wat jy het. Elke belofte in die Boek behoort aan elke gelowige hier vandag. Elke verlossingsseëning is alreeds joune. God het vir jou 'n tjek gegee toe jy gered en wedergebore is, en Jesus se Naam is onderaan elke tjek geteken. Dis werk vir elke verlossingsseëning wat God belowe het. Dis jou besitting. Maar jy's bang om dit in te vul. Moenie bekommerd wees nie. Hy sal elkeen uitbetaal wat daar

ingestuur word deur geloof, van elke verlossingsseëning. Hy sal beslis.

56 Nou, let op. Wanneer dit alles gedoen is, is die belofte hulle s'n. God het belowe Hy sou vir hulle sorg. Hy het vir hulle 'n land belowe. Hulle moes dit in besit neem.

57 Nou, hierdie groot Koninkryk van God waarin ons nou is, is net soos 'n groot arkade. Ons word almal gedoop in een Liggaam, elke gelowige word gedoop in daardie Liggaam. Net soos 'n groot arkade, as ek in 'n arkade ingeloop het, en die man het vir my gesê: "Hierdie is joune. Alles hierbinne behoort aan jou."

58 Wel, dis wat fout is met baie gelowiges: hulle vat net iemand se woord daarvoor, en soek nie rond om te sien wat hulle Boek gehad het nie. Elke belofte in hierdie Boek is joune; geen belofte buite die Boek nie, maar in die Boek, daardie beloftes is joune. God het hulle vir jou gegee.

59 Wel nou, as ek 'n groot arkade gehad het (en, dit vir my gegee was), sou ek nie sê: "Ek besit 'n arkade" nie; ek's net dwaas genoeg om rond te gaan en te kyk wat ek besit. Ek wil graag hierdie laai ooptrek en daarin kyk, en bo-op hierdie rak kyk; en dit 'n bietjie te hoog lyk, kry ek vir my 'n trapleer, en gaan op en kyk wat ek het.

60 Dis wat ek gedoen het toe ek 'n Christen geword het. Ek het besef dat elke belofte in die Boek myne was; en as ek 'n belofte gesien het waarby ek nie kon bykom nie, het ek gebid tot God my opgeneem het soontoe. Dis myne. Dit behoort aan my. Dis my besitting. Dis jou besitting. Genesing is joune; vreugde is joune; vrede is joune; liefde is joune; lankmoedigheid; goedheid; nederigheid; sagmoedigheid: dit behoort alles aan jou. Die duiwel sal dit van jou probeer steel. Gemeenskap is joune; alles is joune; die wêreld is joune: jy besit dit alles, behoort aan jou. Dis God se belofte.

61 Maar as jy gedoop is in hierdie groot arkade, bly dan daarby tot God Sy Woord aan jou bevestig. Hy sal dit beslis vir jou gee. Dis waarna jy kyk, kyk na die Woord. Die Woord sal vir jou vrede bring. Die Woord sal vir jou verlossing bring. Die Woord bring vir jou presies wat jy nodig het. God hou altyd Sy Woord.

62 'n Tyd gelede hieronder in die suide, was daar 'n ou gekleurde man wat na 'n diens toe gegaan het. En ek sien my tyd gaan verby. Daar was 'n ou gekleurde man wat een middag na 'n diens toe gegaan het, of aand, was dit.

63 En o, as julle nog nooit in die suide was en van daardie ou plantasie-sangers gehoor het nie, ek sê vir julle, ek het in die aand daar deurgeloop, laer Louisiana en onder in Florida. Gaan uit onder die arm mense, waar die . . . hulle nie veel wêreldsgoed het nie, en hulle kom bymekaar, het 'n ou orrel en sing gesange. O, hoe hulle, miskien, daar op 'n katoenbaal sit, en daardie ou Evangelie liedere sing wat net die Heilige Gees na jou toe sal bring.

64 Een aand, baie jare gelede, was sulke sang aan die gang en ’n slaaf, hy was daar en het daarna geluister. Hy is gered. En die volgende oggend, het hy teruggekom na sy baas toe. Hy het oral op die plantasie vertel, hy het gesê: “Ek’s vry. Ek’s nie meer ’n slaaf nie. Ek’s vry.”

En hulle het vir hom gesê, hulle het gesê: “Is jy vry, Mose?”

Hy het gesê: “Ja, ek’s vry.”

65 So, dit het by die eienaar van die plantasie uitgekom, en hy het gesê: “Kom hier, Mose,” gesê: “Wat is hierdie wat jy onder die mense, die res van die slawe vertel? Dat jy vry is?”

66 Gesê: “Baas, dis reg,” hy het gesê: “Ek het oorkant na ’n diensie toe gegaan gisteraand. Ek het ingegaan as ’n sondaarman, maar Christus het my vrygemaak van die wet van sonde en dood. Ek’s vanmôre vry van die wet van sonde en dood.”

Hy het gesê: “Versprei jy dit onder die mense, die slawe hier op die plantasie, Mose?”

Hy het gesê: “Ja, meneer. Ek versprei dit,” hy het gesê: “Want ek is vry.”

Gesê: “Kom ’n oomblik na my kantoor toe, Mose, ek wil met jou praat.” Hy het soontoe gegaan. Hy het gesê: “Is jy seker daarvan, Mose?”

Hy het gesê: “Ja, ek is seker, meneer, dat Christus my vrygemaak het.” Hy het gesê: “Ek’s steeds jou slaaf, maar ek’s nie meer ’n slaaf van sonde nie.”

67 Hy het gesê: “Mose, as jy dit regtig bedoel, sal ek vanmôre afgaan en die verklaring teken dat as jy dit, nie net aan hierdie slawe nie, maar aan die res van jou broers wil gaan vertel, sal ek jou vrylaat dat jy dit kan gaan vertel.” O! Dis reg. Stewig op God se belofte.

68 En so hy het afgegaan en die verklaring onderteken, en die ou slaaf is vrygestel. Jare later, hy het gepreek, en toe hy eendag aan die einde van die pad gekom het, het hy op sterwe gelê. Baie van sy wit broers het ingekom om vir hom totsiens te—te sê. Maar hy was stil, soos in—in ’n koma. Naderhand, het hy wakker geskrik en hy het rondgekyk, en hy het gesê: “Is ek weer terug op hierdie aarde?”

Een van hulle het soontoe geloop, gesê: “Waar was jy, Mose?”

Hy het gesê: “Ek was bo by die poorte van die Heerlikheid.” Hy was in—in ’n koma.

En hy het gesê: “Wat het jy gesien, Mose?”

69 Hy het gesê: “Ek het net by die deur ingestap,” en gesê: “soos ek by die deur ingestap het, het ek gekyk,” en gesê: “Ek het Hom gesien.” Hy het gesê: “Ek kon nie nog ’n tree gee nie.” Hy het gesê: “Toe het hier ’n man nadergekom en gesê: ‘Mose, kom hiernatoe. Ek wil vir jou jou kroon gee. Ek wil vir jou ’n kleed gee.’”

Hy het gesê: "Moenie met my praat oor krone en klede nie.

"Gesê: 'Wel, Mose, jy het 'n beloning wat wag.'"

70 Hy het gesê: "Hier's my beloning: Laat my net na Hom kyk vir 'n duisend jaar." Ek dink dis die gevoel. Ons denominasionele verskilletjies en ons dingetjies wat ons op hierdie aarde het, sal nie een ding beteken wanneer ons Hom sien nie. Laat my net na Hom kyk, dis al wat ek wil doen, al neem dit 'n duisend jaar.

71 'n Tyd gelede, was ek hier oorkant in 'n museum, en daar het ek opgelet, terwyl ek rondgeloop het, 'n gekleurde ou heer daarbinne met 'n kringetjie wit hare agter op sy kop. Hy het oral rondgekyk. Meteens, het hy gestop. Hy het teruggespring, hy het sy kop geskud. Ek het hom sy hoof sien buig soos *hierdie*, en 'n gebedjie begin bid.

72 Ek het eenkant gestaan en hom dopgehou vir 'n paar minute. En terwyl ek hom dopgehou het, het hy gesê. . . sy gebed gebid; ek het soontoe geloop en gekyk; die trane het teen sy wange afgeloop. Hy het weggeloop en sy oë afgevee, en sy ou, geplooide, swart gesig. Ek het my hand op sy skouer gesit. Ek het gesê: "Goeienaand, Oom. Ek wil jou graag iets vra. Ek's 'n prediker van die Evangelie. Waarom was jy so geskok?"

Hy het gesê: "Is jy 'n prediker?"

Ek het gesê: "Ek is."

Hy het gesê: "Kom net 'n oomblik hier." Ek het soontoe geloop, dit was net 'n klein glas dingetjie wat daar gelê het.

Hy het gesê: "Kyk wat lê daar."

Ek het niks behalwe 'n kledingstuk gesien nie. Ek het gesê: "Wat is so skokkend daaraan?"

73 Hy het gesê: "Meneer, op my sy is 'n merk van 'n slawe-gordel." Hy het gesê: "En daardie bloed daarop, is die bloed van Abraham Lincoln. Daardie bloed het die slawe-gordel van my afgehaal. Sou dit jou nie ook opgewonde maak nie?"

74 Ek het gedink as die bloed van Abraham Lincoln die gekleurde man van 'n slaaf opgewonde sou maak, omdat 'n slawe-gordel van hom afgehaal is, wat behoort die prediking van die Bloed van Jesus Christus aan 'n wedergebore heilige te doen? Wat behoort dit te doen?

75 Broers, dit behoort ons harte te versag. Dit behoort ons hardkoppige wil te breek. Dit behoort ons soos here, soos Christene te laat optree. Dit behoort die denominasionele mure af te breek en ons almal een te maak in die liefde van God. Dis my gebed. Dis wat ek wil hê dit moet wees. Dis wat ek bedoel dit moet wees. Dis waarna ek streef wat dit moet wees. En ek sê dit, weer, saam met die digter:

Dierbare sterwende Lam, U kosbaar Bloed
Sal nooit Sy krag verloor,
. . . die hele verloste Kerk van God
Gered is om nooit weer te sondig.

Dan in 'n edeler, soeter lied,
Sal ek U reddingskrag besing,
Wanneer hierdie arme stamelende, hakkelende
tong
Stil lê in die graf.

76 Mans en vroue wat ooit enigiets werd was, het God geglo en God op Sy Woord geneem. Partymaal moet hulle uitstap . . . Ek het nou die oggend 'n groot leraar gehoor wat onderrig in ons boonste verdiepingdiens in 'n oggend. Ek het hom hoor praat van hoe kosbaar die Woord was en wat Dit gedoen het deur die dae. Hoe ek dit waardeer het.

77 Mag ek hierdie sê, vriend, dat daar nooit, in enige eeu, enige man of enige vrou was wat ooit enigiets gedoen het wat enigiets beteken het, as hulle God nie op Sy Woord geneem het nie. Ons kan die Ball-vrugtefles neem, ons kan Colgate neem, ons kan Kraft kaas neem . . . ? . . . enige van hulle wat julle wil, en elke man wat ooit enigiets beteken het . . . Kyk na George Washington by Valley Forge, Abraham Lincoln; kyk na Finney, Knox, Sankey, Moody, al die res van hulle. Dis mans wat opgestaan het; nie in denominasie nie.

78 Ek sê hierdie (en soek julle deur julle geskiedenis): Daar was nooit op enige tyd . . . Nie enigiets teen denominasies nie; ek kritiseer nie denominasie nie, maar ek kritiseer daardie selfsugtige gees wat in denominasies inkom wat broederskap opbreek. Dit was nog nooit in enige eeu, wat God ooit 'n denominasie gebruik het om enigiets te doen nie. God werk met individue. Dis presies reg.

79 En let hierdie op, soos ons voortgaan, God werk met die mense wat vir Sy Woord staan. En ek kan vandag mans en vroue, digters, skrywers, profete, en elkeen opnoem, wat ooit enigiets bereik het, was mense soos Kaleb en Josua, wat hulle plek ewiglik op God se Woord ingeneem het. Daardie Woord sal vir ewig staan.

80 Wat dink julle van Eddie Perronet? Toe hy 'n digter was, kon hy nie sy boeke verkoop kry nie. Daar was niks wat skynbaar reg wou loop vir hom nie. En eendag het hy in sy studeerkamer ingeloop, en die Heilige Gees het hom getref, en God het hom die inhuldigingslied van die Koms van die Here Jesus laat skryf. Toe hy die pen gegryp en geskryf het: "Gegroet die krag van Jesus' Naam! Laat Engele laag neerbuig; bring uit die koninklike kroon, en kroon Hom Opperheer." Wanneer 'n modernis en kritici . . .

81 Wat het Fanny Crosby gedoen toe hulle daar was om haar te kritiseer oor haar liedere, om haar sover te probeer kry om ou wêreldse liedjies te skryf, om 'n modern Elvis Presley, of iemand, of een van hierdie ander moderne sangers te wees. Sy het botweg geweier om dit te doen. En hulle het vir haar gesê, toe sy omgedraai het, gesê: "Jy's blind; en wanneer jy in die Hemel kom, as jy, daar so 'n Plek sou wees, waar. . . Hoe sou jy Hom ooit ken?"

82 Sy het gesê: "Ek sal Hom ken. Ek sal Hom ken." Sy het by God se Woord gebly, en toe daardie mans omgedraai het om te gaan, het sy deur die huis gegaan met haar hande op, sy. . . die Gees het haar getref, en sy het gesing: '"Ek sal Hom ken, ja, ek sal Hom ken, en verlos aan Sy sy sal ek staan; Ek sal Hom ken aan die merke van die spykers in Sy hand.' As ek nie in die Hemel kan sien nie, sal ek Hom ken aan die merke van die spykers in Sy hand."

83 Mans en vroue, digters, skrywers: hulle wat God op Sy Woord neem. Weer het sy geskryf: "O, gaan my nie verby, O liewe Heiland, hoor my nederig' roep; wyl U ander roep, gaan my nie verby. U die Stroom van al my troos, meer as lewe vir my, wie het ek op aarde behalwe U of wie in die Hemel as U?"

84 Mans en vroue, my broer, suster, laat ek vir julle sê, mense wat enigiets werd was en enigiets werd sal wees in hierdie kerk, enigiets werd sal wees in die geslagte wat sal kom, is mans en vroue wat op God se Woord staan en al die res "dryfsand" noem.

85 Kaleb het gesê: "Ons is meer as in staat om dit in te neem." Maak nie saak wat die opposisie is nie, God het so gesê, so kom ons gaan kry dit. Julle sal uitvind, hulle was die enigste twee van daardie geslag wat oorgegaan het. Ek gee nie om wat die kerk sê, wat die buurman sê, wat *hierdie* sê, wat *daardie* sê nie, kom ons neem God op Sy Woord en bly reg daarby. God is verplig om ons oor te neem, want ons het Christus se Eie Belofte en Dit kan nooit faal nie.

86 Kom ons buig ons hoofde net 'n oomblik, nou, aangesien ons tyd min raak. Die orrelis na die orrel, asseblief. Ek wil hê julle moet hieraan dink, net 'n oomblik. Wil jy graag vanmiddag jou plek inneem op die Ewige Rots van God se onfeilbare Woord, onfeilbare Woorde en sê: "Deur geloof, ek nou, 'my geloof kyk op na U, U Lam van Golgota, Goddelike Verlosser; hoor my nou terwyl ek bid, neem al my skuld weg, en laat my van vandag ten volle aan U behoort.'"

87 As jy vir ons daardie noot sal gee, suster, *My Geloof Kyk Op Na U*. Kom ons sing nou saggies, terwyl julle julle besluit neem vandag. Saggies nou.

My geloof kyk op na U,
U Lam van . . . (Nou terwyl jy, in jou hart, jy bid, dink daaraan.)
Hoor my nou terwyl . . . (Dink net aan wat jy gedoen het. Maak nie saak hoe erg dit was nie: "Maar ek wil hê U moet myne wees, van hierdie dag af aan, Here.")
. . . van hierdie dag af
Ten volle aan U behoort!
(Nou met ons hoofde gebuig, kom ons neurie dit. Nou, word stil, soos Kaleb hulle stilgemaak het.)

Ek die lewe se donker doolhof bewandel,
En droefheid om my versprei,
Wees U my Gids;
O, laat duisternis verander in dag,
Vee hartseer en vrese weg,
En laat my van vandag aan
Ten volle aan U behoort!

88 O God, Skepper van hemel en aarde, terwyl hierdie Ewigheids-bestemde mensies hier sit vanmiddag, met ons hoofde gebuig na die stof waaruit U ons geneem het; eendag, as Jesus vertoef, sal ons terugkeer na die stof. Wie is ons in elk geval? "Wat is die mens, dat U aan hom dink?" Ek bid vandag, God, dat mans en vroue wat anders opgetree het teenoor U Woord, hierdie oomblik, terwyl ek hulle probeer stilmaak voor die Woord en voor die Heilige Gees, dat die lewe wat in hulle woon, harder spreek as al die getuienis wat hulle kan uitskree. Die einste vrugte van hulle lewe bewys vir elkeen van—van hulle wat hulle is. Hulle staan in die oordeel met die Boek oop en die Heilige Gees wat spreek.

89 O Ewige God, bring sommer nou die Kades-barnea. Bring die oordeelsbank terwyl ons stil is. Laat ons nie van die Woord van God af wegdraai nie, maar laat ons met een vol hart en een verstand, vorentoe marsjeer na die belofte. U kom vir 'n Kerk sonder vlek, of rimpel, of 'n gebrek.

90 O Christus, neem U—U onderdaan in U domein in vandag. Vorm ons en maak ons terwyl ons wag, haal die wêreld uit ons uit, maak ons U kinders. Neem vrees en hartseer van ons af weg, neem sonde en wellus van ons af weg, reinig ons, en maak ons U s'n, Vader, terwyl ons wag op U.

91 Nou, met ons hoofde gebuig, elke oog toe, wonder ek net of jy eerlik genoeg sal wees voor God, die Heilige Gees, in Wie se Teenwoordigheid ons staan. Luister, mans en vroue, terwyl julle aanhou bid met julle hoofde gebuig, jou lewe bewys vir jou wie jy is. Stem dit ooreen met God se Woord? As dit nie, en jy graag wil hê dit moet, en om 'n nuwe stand in te neem . . . O, ek gee nie om

nie; jy mag *dit*, *dat*, of die *ander* gedoen het; jy kon allerhande fiksies en denkbeeldighede en alles gehad het; maar ek praat van jou lewe, dis wat die eienskappe uit jou uitbring. As jy weet jy's skuldig, sal jy jou hand opsteek na Christus? En sê: "O, laat my van vandag af ten volle aan U behoort." Sal jy jou hand opsteek? Sê, bid: "O God, ek wil soos U wees van vandag af."

92 God seën jou, dame. God seën jou. God seën jou, my broer. Jou, suster. Jou, my broer. Dis reg. O, God seën jou, suster. Jou. Jou, my broer. God seën jou, my suster. Jou, broer. Jou. Agter aan die agterkant, ver agter, God seën jou. Baie sag, nou. Hou aan bid. God seën jou, dame.

93 "Terwyl ek die lewe se donker doolhof bewandel," (God seën jou, broer), "En hartseer om my versprei, wees U my Gids." Wil jy hê Hy moet dit wees vandag? As jy wil, steek net jou hand op. Sê: "Christus, onthou my." God seën jou net hier op die voorste ry, meneer. God seën jou daar reg agter, broer. God seën jou, suster. Dis reg. God seën jou hier oorkant, broer. Reg. God seën jou, my broer. God seën jou, my suster. Wees eerlik met God. God seën jou, suster, hier in die middelste ry.

94 "Wees U my Gids; laat duisternis verander in dag; vee al my vrese weg, en laat my van vandag af . . . " God seën jou daar, broer. God seën jou daar, suster. "Laat my van vandag ten volle toegewy wees aan U Woord; ten volle aan U behoort." Deur God se genade, belowe ek nou . . . God seën jou, suster. God seën jou daaragter, suster. God seën jou, suster.

95 "Van vandag af, maak ek 'n belofte aan U, God. Ek vind uit dat my klein fiksies en modes nie sal staan nie, so ek maak vir U hierdie belofte vandag dat ek U Woord sal lees. Ek wil hê my lewe moet ooreenstem met U Woord, nie met my kerk nie, maar met U Woord. Daar staan ek, neem al my skuld en sonde van my af weg. Ek besef dat ek skuldig is."

96 God seën jou, suster. Dit kos 'n regte persoon om dit te doen. Reg in die midde van hierdie mense, vier of vyfhonderd mense wat vanmiddag hier sit, miskien, en jou hand sal opsteek tussen die mense, miskien van jou eie kerk, dit kos 'n regte standpunt om dit te doen.

97 Ek gaan julle vra om nog een ding te doen, en dit is, elkeen van julle wat julle hande opgesteek het, sal julle op julle voete staan, sodat ek vir julle kan bid? Dis . . . God seën jou, meneer. God seën jou. Dis reg. Staan net op julle voete. "Ek wil vandag staan vir Jesus Christus. Ek sal staan vir Sy Woord en ek sal vir Hom lewe Wat vir my gesterf het. Ek sal vandag staan."

"As julle My voor die mense sal bely, sal Ek julle voor die Vader en die heilige Engele bely," het Jesus gesê. God sien elkeen van julle.

98 "Ek sal staan. Ek sal vanmiddag staan op God se Woord, op God se belofte. Ek glo dit. Ek glo God wil hê ek moet 'n

toegewyde lewe lei. Ek glo Hy wil hê ek moet my motiewe verander, my manier van lewe. Ek glo Hy wil hê ek moet my lewe skoonmaak; wil hê ek moet uitkom en so 'n liefdevolle, barmhartige, nederige lewe lei dat my bure sal sien dat Christus in my lewe. Ek staan nou."

99 Ek waardeer om selfs 'n prediker te sien staan. Hy's gereed om te staan. God seën daardie man. Ek het vertroue in hom, enige man wat sal staan soos daardie. Nou, kom ons buig nou ons hoofde.

100 Dierbare Here, hier is hulle nou, vanmiddag, wat graag wil staan. Ons is by Kades. Ons is by die tyd waar daar Korag's is, en daar allerhande Bileam's en alles is, soos U gesê het daar sou wees. Maar vandag, is daar waarlik die Woord van God met die belofte van God dat ons dit kan doen, en ons sal dit doen.

101 Al mag nege-en-negentig persent van hierdie Amerikaners faal, maar tog, gaan U 'n Kerk hê wat uit Amerika uit kom, so seker soos enigiets. En ek bid, God, dat U hierdie sal seën wat staan. Hulle is eerlik en opreg genoeg om te staan. Ek bid dat U hulle die begeerte van hulle hart sal gee. As dit wellus is, as dit afsydigheid is, as dit vrees is, as dit enigiets is wat hulle nodig het, Here, reinig hulle harte en siele vandag, en mag hulle 'n veranderde persoon van hier af weggaan. Mag, as hulle versuim het om die Bybel te lees, mag hulle Dit elke dag lees, want daar staan geskrywe: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan." Skenk dit, Here. Mag hulle Dit lees, en Dit lewe, en Daarop gedy, en hulle lewe skoei op die Woord van God, en hulle sal die belofte van God verkry.

Want ons vra dit en laat hulle . . . vertrou hulle toe in U hande, vir die seëninge waarvoor hulle vra, in die Naam van U Seun, die Here Jesus Christus. Amen.

God seën julle.

102 Nou, wie julle ok al sien opstaan het, julle mense, draai om en skud nou hulle hande soos daardie. Draai om en skud die hande van hulle wat opgestaan het. Diegene wat sit, regte Christene, skud hande, gee hulle gemeenskap in die Liggaam van gelowiges. Wonderlik.

103 Gee vir ons 'n noot van . . . wat van 'n ou lied wat ek sing, 'n verdagingslied, by my tabernakel, *Neem Die Naam Van Jesus Met Jou*. Hoeveel ken dit? Goed. Dis goed. Waar is Clair Hutchins, iemand wat sang kan lei, of 'n sangleier? Goed. Kom ons probeer dit. Ek's nie 'n sangleier nie, maar ek sal dit probeer.

Neem die Naam van Jesus met jou,
Kind van droefheid en van wee;

Dit bring troos en vreugde vir jou,
O, neem dit oral met jou mee.
Dierb're Naam, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd;
Dierb're Naam, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd.

104 Gebedskaartjies sal om sesuur uitgedeel word en die dienste sal vroeg begin. Ek sal vroeg kom, net 'n tydjie preek, en dan gaan ons probeer bid vir net soveel, vanaand, as wat ons deur die ry kan kry.

Voor die Naam van Jesus neerbuig,
Aan Sy Voete val ek neer . . .

Dankie, broer. God Seën jou.

God Hou Sy Woord AFR57-0613A
(God Keeps His Word)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Donderdagmiddag, 13 Junie 1957, by die Cadle Tabernakel in Indianapolis, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2021 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org